

SUID-AFRIKA EN DIE SAAK VIR 'N OPVOLGSKIKKING

Deur
Prof. Pierre du Toit
Departement Politieke Wetenskap
Universiteit van Stellenbosch

Lesing voorberei ter aanbieding vir **Solidariteit**, Vrydag 28 Augustus, 2009.

© kopiereg, 2009, Pierre du Toit. Alle regte voorbehou. Gebruik slegs met toestemming van die skrywer. Kommentaar is welkom pdt@sun.ac.za

SUID-AFRIKA EN DIE SAAK VIR 'N OPVOLGSKIKKING

1. Inleiding

In 2002 het ek die vraag gestel: het Suid-Afrika nou 'n opvolgskikking nodig? My eie antwoord was dat ons inbeweeg in 'n nasionale krisis en dat ons as 'n politieke gemeenskap, by wyse van voorkomende instandhouding, ons grondwetlike stelsel moet versterk, en sigbare swakhede herstel, indien ons hierdie krisis effektief sal wil aanspreek.¹

'n Opvolgskikking behels heelwat meer as bloot grondwetlike amendemente, alhoewel die uitslag van so 'n skikking wel by wyse van amendemente deurgevoer kan word. Dit is wel 'n proses van inklusiewe heroorweging van basiese beginsels wat 'n grondwetlike skikking ondervang.² Krisis omstandighede skep die konteks vir sulke herskikkings. Inklusiwiteit vereis dat so veel as moontlik deelnemers (belanghebbers) inskakel by die proses, en omdat uitsonderlike omstandighede ter sake is, is parlementere verteenwoordiging dikwels nie inklusief genoeg nie.

Opvolgskikkings kan vroeg in 'n krisis plaasvind, wat dit dan 'n karakter van

¹ Pierre du Toit, *Suid-Afrika op Soek na 'n Opvolgskikking*, Professorale Intreerede, Universiteit van Stellenbosch, Augustus 2002. Sien ook Pierre du Toit, "Why Post-Settlement Settlements", *Journal of Democracy*, Vol. 14, No. 3, July 2003, pp. 104-118.

² Howard Raiffa, "Post-Settlement Settlements", *Negotiation Journal*, January 1995, pp. 9-12.

voorkomende instandhouding gee, of dit kan later in 'n krisis plaasvind wat dan 'n proses van heropbou behels.

In die beperkte aandag wat hierdie voorstel ontlok het, was daar die kritiek dat die huidige skikking meer wenners as verloorders oplewer, en eers wanneer die balans in die ander rigting swaai sodanige her-skikking weer ter sake sal kom, iets wat op daardie stadium in 2002 baie ver van ons sou wees. Die konsep van 'n opvolgskikking is in hierdie kritiek getipeer as 'n *apokaliptiese* gebeurtenis wat verkieslik vermy moet word ten gunste van die veronderstelde soepelheid wat die huidige grondwet wel vir inkrementele aanpassings vir ons gee.³ 'n Mens sou in 2002 ook kon byvoeg dat die nuwe politieke ingesetenes nog skaars hulle plekke in die gestoeltes van die soustrein ingeneem het, en in terme van direkte eiebelang min of selfs geen aansporings gehad het om enigsins die stoele rond te skuif nie. Krisis beskouinge was nie deel van die nuwe politieke élite in die Mbeki-regering se visie nie.

Met tussenposes het daar egter in die openbare media menings deurgefilter wat die noodsaak vir 'n diepgaande herskikking bepleit, hetsy oor grondhervorming, of regstellende aksie.⁴ Die konsep bly tog wel in sirkulasie.

In die heroorweging van die konsep van 'n opvolgskikking in 2009 is my oordeel dat die nasionale krisis wat ons ervaar dieper en meer omvattend word, en dat die

³ Anton van Niekerk, "Só maklik skik ons nie weer oor die Grondwet nie", *Rapport*, 27 Julie 2003.

⁴ "Kodesa' nodig vir grondhervorming", *Rapport*, 2 Februarie 2005, p. 22; Hermann Giliomee, "Gelykheidsakkoord: Praat is dringend nodig", *Die Burger*, 10 Junie 2003, p. 8.

uniekheid van hierdie krisis nou duideliker na vore kom. Hierdie eiesoortigheid van ons probleme verg optrede wat net deur 'n politieke herskikking moontlik gemaak kan word. Dit versterk die saak vir 'n opvolgskikking wat aspekte van die grondwet asook buite-grondwetlike kwessies moet aanspreek. Die waarskynlikheid dat so 'n opvolgskikking in die nabye toekoms sal realiseer is dalk egter nog swakker as wat dit in 2002 was. Die aanhoudende uitstel hiervan kan egter selfs apokaliptiese gevolge hê.

2. Leemtes in die 1993/96 Skikking

Proses

Die Suid-Afrikaanse grondwetlike skikking waarmee die apartheidsregime beëindig en 'n demokratiese grondwet ingestel is, word met reg as 'n suksesverhaal aangehaal⁵, wat as inspirerende voorbeeld vir ander vredesprosesse dien. Dit is egter nie te sê dat hierdie proses, met al sy innoverende praktyke, nie sonder gebreke was nie.

Die eerste vraag wat gestel kan word is of die onderhandelings van 1990-1993 enigsins met mekaar saamgestem het oor wat die aard van die proses van *onderhandelings* behels en of hulle in goedertrou ("*good faith*") onderhandel het. Het die onderhandelaars ooit onderlinge eenstemmigheid bereik dat onderhandeling, as 'n proses, beteken dat daar afgesien word van die vooruitsig om die stryd op eie terme te beëindig? Is dit ooit tot op die been toe uitgepraat dat onderhandeling nie beteken

⁵ Vir die relatiewe sukses hiervan, gesien binne 'n vergelykende perspektief, lees John Darby en Roger Mac Ginty (reds.) *The Management of Peace Processes*, London: Palgrave-Macmillan, tweede uitgawe 2008.

dat die gewapende stryd maar net op 'n ander manier ("war by other means") voortgesit word nie? Bestaande gepubliseerde bronne bied geen klinkklare versekering op enige van hierdie vrae nie, alhoewel sekere standpunte eksplisiet 'n Gramsciaanse "war of position" strategie voorgeskryf het, wat volledig onversoenbaar is met die beginsel van goedertrou onderhandeling. Wat wel goed gedokumenteer is, is dat daar voor 1994, binne die geledere van die ANC-Alliansie, wel 'n intense debat oor die aard van onderhandelings gevoer is.⁶ Hierdie interne debat het egter nie na die veel-party forum uitgebrei nie. Een belangrike implikasie van onderhandelings sonder goedertrou is dat dit weinige tempering en afskaling van 'n ideologie van bevryding, oftewel "liberationism", meegebring het⁷.

⁶ Alex Mashinini, "People's War and Negotiations – Are They Fire and Water?", *Sechaba*, Vol. 22, No. 8, 1988; Brenda Stalker, "The Crisis in our Country – a Realistic Political Solution", *Sechaba*, Vol. 22, No. 5, May 1988, pp. 19-26; Neil Zumana, 'Discussion article: Revolution or Negotiations?', *Sechaba*, Vol. 23, No. 4, April 1988, pp. 26-30; Ronnie Kasrils, "Voice from the Underground: Mass Struggle is the Key", *Work in Progress*, Vol. 27, January/February 1991, p. 13; Jeremy Cronin, "The Boat, the Tap, and the Leipzig Way", *African Communist*, 3rd Quarter, 1992, pp. 41-54; Joe Slovo, "Negotiations: What Room for Compromise?", *African Communist*, 3rd Quarter, 1992; Pallo Jordan, "Strategic Debate in the ANC: a Response to Joe Slovo", *African Communist*, 4th quarter, 1992, pp. 7-15; Blade Nzimande, "Let Us take the People with Us; A Reply to Joe Slovo", *African Communist*, 4th quarter, 1992, pp. 16-28; Harry Gwala, 'Negotiations as presented by Joe Slovo', *African Communist*, 4th quarter, 1992, pp. 24-28; Jeremy Cronin, "Dreaming of the Final Showdown: a Reply to Jordan & Nzimande", *African Communist*, 4th Quarter 1992, pp. 38-44; African National Congress, NEC paper, "Negotiations; A Strategic Perspective", *African Communist*, 4th Quarter, 1992, pp. 48-53. 'n Bespreking van hierdie debat word gevind in Pierre du Toit, *South Africa's Brittle Peace – the Problem of Post-Settlement Violence*, Basingstoke: Palgrave, 2001, by pp. 101-111.

⁷ R.W. Johnson bied die volgende treffende opsomming van bogenoemde ideologiese perspektief: "The NLMs (national liberation movements) share what can only be termed a common theology. National liberation is both the just and historically necessary conclusion of the struggle between the people and the forces of racism and colonialism. This has two implications. First, the NLMs – whatever venial sins they may commit – are the righteous. They not merely represent the masses but in a sense they are the masses, and as such they cannot really be wrong. Secondly, according to the theology, their coming to power represents the end of a process. No further group can succeed them for that would mean that the masses, the forces of righteousness, had been overthrown.

Die implikasies wat hierdie ideologie van bevryding ("Liberationism") vir die duursaamheid van die 1993 skikking inhou, word hieronder uiteengesit. Met die 1993/69 skikking is menswaardigheid grondwetlik neergelê en pariteit van kulture, wat die boustene van kollektiewe identiteite is, in beginsel op skrif erken. Burgerskap van gelyke waarde het prakties haalbaar gelyk. Op die oog af het dit ook belowend gelyk met die inwerkingtreding van die eerste demokratiese grondwet. By die opening van die Parlement het President Mandela die uitbreiding van vryhede (ook as ontsnapping uit die materiële bande van armoede en ontbering) gestel as die hoogste prioriteit van die nuwe bewind. Hierdie uitbreiding van vryhede weer, is gesien as deel van 'n meer grondliggende opdrag:

- "Our definition of the freedom of the individual must be instructed by the fundamental objective to restore the human dignity of each and every South African."⁸

Sodanige sentiment is by uitnemendheid 'n geskikte vertrekpunt vir die vestiging van burgerskap van gelyke waarde, hetsy op individuele of kollektiewe vlak. 'n Deurslaggewende draaipunt, miskien selfs keerpunt, weg van hierdie sentimente het egter drie jaar later in 1997 by die ANC se 50ste Nasionale Konferensie in Mafikeng plaasgevind.

By hierdie konferensie is 'n bepaalde visie aanvaar. Dit is vervat in die dokument *Strategy and Tactics*, gerugsteun deur verskeie besprekingsdokumente waarin die

That, in turn, could only mean that the forces of racism and colonialism, after sulking in defeat and biding their time, had regrouped and launched a counter attack." Sien R. W. Johnson, "The final struggle is to stay in power", *Focus*, Issue 25, 1st quarter 2002, pp. 8-10.

⁸ Nelson Mandela, *State of the Nation Address*, Houses of Parliament, Cape Town, May 24, 1994, mimeo.

konsep van *transformasie* omlyn is. Hierdie visie het die ANC tot twee doelstellings verbind.⁹ Eerstens, die omvattende herskikking van die staat en samelewing op 'n rassegrondslag, formeel in neutrale terme gestel, nl. om die demografie van die land te weerspieël, soos uitgespel in art. 195(i) van die 1996 grondwet. Demografie word as 'n maatstaf van samelewingsordening verhef, en demografie word grootliks in rasseterme geïnterpreteer. Die potensieële magsimplikasies van hierdie ideologiese standpunt is duidelik: dit is wyd oop vir 'n rasionaal vir swart (*African*) dominasie op elke vlak van staat en samelewing.

Tweedens, hierdie visie verbind die party tot die verkryging van politieke beheer oor elke setel van mag. Die beheer waarna gestreef word is kwalitatief anders as die van gewone parlementere regerende partye. Daar is 'n Gramsciaanse kwaliteit in die aard van beheer: benewens die mag wat via die stembus verkry kan word, moet elke setel van beheer in die staat ook ingepalm word, asook 'n verkryging van die "...hegemony of ideas...". Dit word deur die party behaal wanneer "...its ideas are the 'dominant ideas' within the society as a whole".¹⁰

Hierdie visie staan vierkantig binne 'n ideologie van bevryding. Soos R.W. Johnson (sien die aanhaling in voetnota 7) gewys het, is 'n sekere soort morele hoëvaardigheid kenmerkend van hierdie ideologie. Die dokumente van die kongres weerspieël telkens die ANC se oortuiging van hulle eie morele deug, en as die enigste regmatige en waardige party om die belange van kiesers te kan verteenwoordig.

⁹ Hierdie interpretasie maak staat op die ontleding deur Hermann Giliomee, James Myburgh en Lawrence Schlemmer, "Dominant Party Rule, Opposition Parties and Minorities in South Africa", *Democratization*, Vol. 8, No. 1, Spring 2001, pp. 161-182.

¹⁰ *The State, Property Relations and Social Transformation – a Discussion Paper towards the Alliance Summit*, www.anc.org.za/ancindex.html, 1998.

Ander partye word by voorbaat afgemaak as onlegitiem, en bykans sonder bestaansreg.¹¹

Hierdie visie van hegemonie is volledig onversoenbaar met die beginsel van burgerskap van gelyke waarde. Dit behels 'n ideologie van dominasie, en as 'n benadering tot enige aspek van beleid oor burgerregte is dit sydig vir die terme, voorwaardes en belange van een groep Suid-Afrikaners ten koste van die res. Daar word aan sekere kategorieë van mense gesê dat hulle in effek tweedeklas burgers is en moet terugstaan. Daar word egter ook net daarna aan dieselfde mense gesê dat hulle vermoëns nodig is om die algemene welsyn te dien d.m.v. werkskepping, kapitaalbeleggings, bekamping van misdaad, armoede opheffing en welsynsdienste. Sodanige beroep voldoen beswaarlik aan die vereiste van burgerskap van gelyke waarde.

Inhoud

Die tweede vraag wat gestel kan word, en wat volg uit die vorige, is of die onderhandelaars ooit die aard en essensie van die begrip demokrasie onderling uitgepraat het. Daar was wel debat oor die kwessie van konsensus vs. meerderheidsregering, en oor die rol van minderhede, maar die basiese verskille is op die oog af nie oorbrug nie. Hierdie verskille gaan eerstens oor die aard van demokratiese verteenwoordiging. Is verkose verteenwoordigers afgevaardigdes, trustees, of

¹¹ Giliomee, Myburgh & Schlemmer, "Dominant Party Rule, Opposition Parties and Minorities in South Africa", pp. 169-171.

ontplooides van die party, wat lukraak in terme van 'n "kader beleid" herontplooï kan word na gelang van party besluite, los van kiesersvoorkeure? ¹²

Hieruit volg ander kwessies. Een is oor die rol van die opposisie binne 'n demokrasie. Gaan dit om die regerende party te konfronteer, of om die regerende party te help? Die tweede verskil is oor die rol van die burgerlike samelewing. Een siening, breedweg vervat binne die ideologie van bevryding, omskryf die burgerlike samelewing in eksklusiewe terme. Net dié gemeenskappe wat onder apartheid ontbeer het word ingesluit. Demokrasisering gaan dan oor die opheffing van hierdie gemeenskappe, en die gepaste manier om dit te doen is om burgerlike organisasies in die staat in te trek en deel van die nuwe regime te maak. Plekke soos skole en universiteite moet minder outonoom en selfstandig wees, en meer inpas met, en ondergeskik wees aan die nuwe bewindhebbers. In kontras daarmee staan die liberale opvatting dat demokrasie juis verskans word deur groter outonomie aan die georganiseerde burgerlike samelewing te verleen. Skole, universiteite, kerke en nie-regeringsorganisasies moet hivolgens groter beweegruimte gegee word om keuses los van die regerende party te maak. Die derde verskil wat nou saamhang met die vorige is oor die relatiewe belangrikheid van tussen-prosedurele en inhoudelike maatstawwe van geregtigheid. In liberale siening gaan die essensie oor die optrede binne die reëls, terwyl die bevrydingsdenke uitkomstige eerste stel. Hierdie verskille bly nog bestaan, en plaas die huidige skikking onder voortdurende druk.¹³ Hierdie

¹² In 'n onlangse hofuitspraak is die heersende Kader- beleid met betrekking tot die aanstelling van staatsamptenare van die ANC onwettig verklaar deur regter J. Pickering. Sien kommentaar en opsomming in *ConsAlert*, nuusbrieff van die Sentrum vir Grondwetlike Regte van die FW De Klerk Stigting, www.cfc.org.za 21 November 2008.

¹³ Empiriese meting van verskillende sienings oor demokrasie, wys dat wit en swart Suid-Afrikaners demokrasie uiteenlopend beoordeel. Vir wittes gaan dit oor

verskille het met verloop van tyd gekristaliseer in twee duidelik herkenbare kontrasterende begrippe van demokrasie. In een gesaghebbende studie, gebaseer op 'n ontleding van amptelike ANC dokumentasie (almal na 1994 vrygestel) is bevind dat die ANC se definisie van demokrasie, (as synde 'n hegemoniese party met 'n rol wat deur die geskiedenis aan hulle toegeken is), daarop neerkom dat dit gaan oor regering oor die mense, eerder as regering deur die mense, soos in die liberale begrip voorgestaan.¹⁴

Die inhoud van die skikking, soos in die 1993 grondwet vervat, vertoon sekere kenmerke tipies aan 'n kontrak, en lees soos 'n kontrak tussen partye wat mekaar nie eintlik heeltemal vertrou het nie. Die ooreenkoms is met detailbepalings gelaai ten einde dubbelsinnighede en vaaghede wat oop is vir interpretasie so ver moontlik te verminder. Hierdie noukeurigheid en detail is in die korttermyn 'n bate omdat dit die skerphheid van die skikking as 'n meganisme vir die hantering van spesifieke sake wat

prosedures soos vry en regverdige verkiesings, gelykheid voor die reg, vryheid van spraak. Vir swartes gaan dit benewens bogenoemde, ook oor armoede verligting, en die vernouing in die gaping tussen ryk en arm. Sien Robert Mattes en Hermann Thiel, "Consolidation and Public Opinion in South Africa", *Journal of Democracy*, Vol. 9, No. 1, January 1998, pp. 95-110; Robert Mattes & Michael Bratton, "Learning about Democracy in Africa: Awareness, Performance, and Experience", *American Journal of Political Science*, Vol. 51, No.1, January 2007, pp. 192-217. Navorsing wys ook dat wit en Indiër Suid-Afrikaners is meer geneig is om van mening te wees dat die gepaste rol van opposisiepartye is om die regering met sy foute trompop te konfronteer, terwyl swart Suid-Afrikaners meer neig om die rol van die opposisie te sien as een waar hulle die regering help om te regeer. Sien Hennie Kotzé, "The New National Party in the 1999 Election: end of the road or a new beginning?", *Politikon*, Vol. 26, No 2, 1999, pp. 167-177. Die kontrasterende rol wat toegeken word aan organisasies binne die burgerlike samelewing deur liberale en bevrydingsideologieë word belig in Jannie Gagiano en Pierre du Toit, "Consolidating Democracy in South Africa: the role of civil society", in Hennie Kotzé (ed.) *Consolidating Democracy – What role for civil society?*, Stellenbosch: Centre for International and Comparative Politics, 1996, pp. 47-73.

¹⁴ Louwrens Pretorius, "Government *by* or *over* the People? The African National Congress's Conception of Democracy", *Social Identities*, vol. 12, no. 6, November 2006, pp. 745-769.

op daardie tydstip dringend was, verhoog. Die nadeel is egter dat dit die soepelheid verloor om toekomstige onvoorsiene konflikte te kan beredder. Kortom, dit het nie genoegsame elemente van 'n sosiale kontrak nie¹⁵.

Hierdie soort kontrakte het sekere tipiese gebreke, die bekendste waarvan is die probleem van stramheid. Een voorbeeld hiervan is wat Donald Horowitz noem die "*frozen quota pitfall*", oftewel, die tekortkoming van vasgestelde kwotas¹⁶. Die mees berugte voorbeeld hiervan is seker te vinde in Lebanon se 1943 grondwet.

Hiervolgens is 'n formule vir politieke magsdeling tussen vier godsdienstgroepe (twee Christen en twee Moslem faksies) op grond van hulle relatiewe demografiese grootte, soos gemeet aan die 1932 sensus, bereken¹⁷. Die grondwetlike skikking het net nie voorsiening gemaak vir aanpassing aan magsverhoudinge om tred te hou met die verskuivende demografiese balans van die samelewing nie. Hierdie stram grondwet kon toe ook nie die 1975 burgeroorlog oorleef nie, en is eers in 1989 met 'n opvolgskikking vervang. Ons 1996 grondwet se demografiese bepaling in artikel 195(i) is gelukkig soepel genoeg om hierdie gebrek uit te skakel.

Daar is egter 'n meer diepliggende probleem van stramheid wat heel eerste ter tafel gestel moet word voordat enige vordering met hierdie kwessies verwag kan word.

Politieke élites (in die vorm van verkose verteenwoordigers en onverkose amptenare) formuleer beleid en pas dit toe. Die verkose élites is egter met 'n baie tengerige

¹⁵ 'n Sosiale kontrak behels "...a democratic polity that institutionalizes the principles of intergroup bargaining and cooperation", Timothy D. Sisk, *Democratization in South Africa – the Elusive Social Contract*, Princeton, NJ: Princeton University Press, 1995, p. 54.

¹⁶ Donald L. Horowitz, *Ethnic Groups in Conflict*, Berkeley: University of California Press, 1985, pp. 586, 587.

¹⁷ Arend Lijphart, *Democracy in Plural Societies – A Comparative Exploration*, New Haven: Yale University Press, 1977, pp. 147-150.

band van verantwoording met die wêreld van hulle kiesers (die gewone burgers wat deur die meul van ontwrigting gaan) verbind. Hierdie band betaan uit die kiesstelsel van Party-lys proporsionele verteenwoordiging op nasionale vlak, en is lank reeds as onvoldoende vir die doeleindes van kiesersbeheer bevind.¹⁸

Die noodsaak vir kiesersbeheer is van die heel hoogste belang omdat *navorsing wys dat Suid-Afrikaners diepliggende verskille het met bestaande wetgewing oor basiese waardes ter sake by sosiale kwessies wat 'n rol speel in die proses van sosiale verandering.*¹⁹ (Aborsie, egskeiding, homoseksualiteit, genadedood, prostitusie en selfmoord is kwessies waarvoor openbare meningsopnamedata beskikbaar is). Die grondwetlike stelsel van populêre verteenwoordiging deur middel van die kiesstelsel van 1994 werk nie meer goed genoeg nie. Kiesers se voorkeure oor sosiale vraagstukke word net nie gereflekteer in wetgewing, en in grondwetlike hofuitsprake wat in die loop van 15 jaar se demokrasie daarmee saamgegaan het nie.

'n Ander gebrek van die kontrakbenadering tot konflikskikking is die sogenaamde "*incommensurables pitfall.*"²⁰ Konflikterende partye skik dikwels in die vorm van 'n ruiltransaksie: elkeen verwerf iets in ruil vir 'n toegewing elders. Wanneer die items wat verruil word nie almal dieselfde eienskappe het nie, neig dit om ook nie ewe konkreet meetbaar te wees nie en word dit moeilik om hulle teen mekaar op te weeg.

¹⁸ Erkenning hiervan vanuit die regering was in 2002 met die Minister van Binnelandse sake se aanstelling van 'n ondersoekspan om die kwessie van hersiening van die kiesstelsel te ondersoek. 'n Konferensie met hierdie tema is in 2002 gehou, en die referate wat daar gelewer is, is beskikbaar gestel in 'n publikasie *South African Electoral System Review Roundtable*, 9, 10 September 2002.

¹⁹ Hennie Kotzé & Cindy Lee Steenekamp, *Values and Democracy in South Africa: Comparing Elite and Public Values*, Johannesburg: Konrad-Adenauer-Stiftung, Occasional Papers, February 2009, pp. 43-62.

²⁰ Horowitz, *Ethnic Groups in Conflict*, pp.584, 585.

Dit het weer die effek om die ewewigtigheid van die ruiltransaksie in gedrang te bring: hoe moet partye besluit of elkeen in gelyke munt prysgee en wen?

Die skikking tussen Maleiers en Chinese waarmee Maleisië in 1957 onafhanklik geword het, het die probleem van onmeetbares vervat. Chinese het hierdeur burgerskap verwerf, terwyl Maleiers in ruil bevoordeel sou word in aanstellings in staatsdiensposte en algemene opheffing uit armoede²¹. Die Chinese is bevoordeel deur 'n beleidsproduk (burgerskap). Burgerskap het die voordeel dat dit 'n kommoditeit is wat deur wetgewing en burokratiese uitvoering vinnig konkreet gemaak kon word. Opheffing uit armoede daarenteen, is 'n beleidsproses, die sukses waarvan geensins deur die kontrakterende partye gewaarborg kan word nie, en ook nie eers deur hulle beheer kan word nie. Burgerskap het in gelyke eenhede aan al die Chinese onderling beskikbaar geword, en die voordele is daar en dan ingepalm. Ekonomiese opheffing daarenteen, is iets wat in ongelyke mate tot die voordeel van individuele lede van die Maleier gemeenskap, met verloop van tyd beskikbaar sou word.

Hierdie onmeetbare eienskappe van die ruiltransaksie het geleidelik die regmatigheid van die skikking in die oë van die Maleiergemeenskap ondermyn, en uiteindelik aanleiding gegee tot die geweldadige anti-Chinese protes in 1969, waarna die skikking herskryf is.

Suid-Afrika worstel met 'n soortgelyke probleem van onmeetbares. Demokratiesing het 'n onmiddellike wins in die vorm van burgerskap vir almal tot 'n legitieme staat

²¹ *Ibid.*, p. 582,585.

eerder as 'n morele *pariah*. Dit bied 'n sleutel tot hertoetrede tot al die internasionale arena's as waardige en volwaardige lede van die internasionale bugerlike samelewing. Hierdie voordeel is onmidddelik benut deur die meer welvarende sektor van die Suid-Afrikaanse samelewing, naamlik die destydse weners onder apartheid, asook die huidige weners onder die nuwe regime.

Die destydse verloorders onder apartheid het wel die vooruitsig van opheffing uit armoede as deel van die demokratiseringspakket. Hierdie vooruitsig is implisiet in die 1996 grondwet ingeskryf wat die staat verbind tot die lewering van tweede generasie regte, en is eksplisiet gemaak deur die African National Congress se verkiesings-slagspreuk in beide die 1994, 1999 en 2004 algemene verkiesings: "A Better Life for All". Maar die vooruitsig is ook uitgelewer aan 'n beleidsproses wat geen versekering op konkrete resultate bied nie. Sodoende word die skikking se regmatigheid ondermyn.

Uitkomst: Die Vredesdividend

Die konkrete verbetering in mense se lewensomstandighede in die nadraai van 'n vredeskikking word algemeen as die vredesdividend beskryf.²² Die probleem van onmeetbares, soos ervaar deur Maleisiërs, word herhaal wanneer so 'n vredesdividend telkens ongelyke opbrengste aan verskillende belanghebbers lewer, wat hulleself en mekaar toenemend as weners en verloorders beskou.

²² John Darby & Roger MacGinty, "Introduction", in John Darby & Roger MacGinty (reds.) *Contemporary Peacemaking, Conflict, Peace Processes and Post-War Recontrustion*, Basingstoke: Palgrave Macmillan, 2008, (2de hersiene uitgawe), p. 7.

In Suid-Afrika is die wenners, baie kortliks, te vinde in 'n verskeidenheid van kategorieë, wat natuurlik nie onderling uitsluitend is nie. Eerstens, behels hulle die gelede van die hoofsaaklik swart nuwe politieke en burokratiese élite. 'n Tweede stel wenners met 'n positiewe vredesopbrengs is die nuwe veelrassige ekonomiese élite en nuwe opkomende swart middelklas. 'n Derde stel wenners bestaan uit die begunstigdes van die toepassing van regstellende aksie. Dit behels Suid-Afrikaners uit alle sosio-demografiese kategorieë, behalwe wit mans. Wit vrouens is hier ook belangrike begunstigdes.

In 'n sekere sin, moeiliker meetbaar, is alle Suid-Afrikaners wenners wat voordeel daaruit trek dat die lae-intensiteit geweldskonflik gestop is, dat die ontbering en onreg van apartheid nie meer geld nie, en dat hertoetredende tot die wêreldgemeenskap plaasgevind het. Laasgenoemde kan wel konkreet deur sportlui wat internasionaal deelneem ervaar word, en deur toekouers wat dit op 'n plaasvervangende manier kan geniet.

Die vredesdividend het ook ander opbrengste gelewer. Dit gaan na die 250,000 huishoudings met suksesvolle grondeise, 2.9 miljoen nuwe huiseienaars, 3.8 miljoen huishoudings wat nou toegang tot kraanwater het, en bykans 12 miljoen mense wat ontvangers van maatskaplike welsynstoelae is.

Teenoor hierdie wenners is daar verskeie verloorders, weereens te vinde in 'n verskeidenheid kategorieë wat nie onderling uitsluitend is nie. Dit sluit in die ongeveer 310,000 mense wat in die demokratiese era vermoor is, en hulle onmiddellike naasbestaandes; ook die meer as 700,000 slagoffers van verkragting

met hulle onmiddellike naastes, asook al die slagoffers wat nie hulle trauma aangemeld het nie. Voeg daarby saam die nagenoeg 2.5 miljoen mense wat tot dusver gesterf het aan VIGS, met 'n daaglikse toevoeging van 1 086 (2008 syfers), sowel as die duisende mense wat HIV positief is, en almal wat versorging verskaf vir hulle. Daarmee saam moet die ekonomiese verloorders ook bygevoeg word: werkloses, en armoediges, met diegene heel onder aan die piramide, die bykans 900,000 wat op minder as US\$1 per dag or die weg moet kom.²³

3. Krisis

By verre die belangrikste kategorie van verloorders in die nuwe Suid-Afrika is egter die kinders. Onlangse navorsing deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasse-Aangeleenthede (South African Institute of Race Relations) het daarop gewys dat die meeste Suid-Afrikaanse huisgesinne onderhewig is aan intense kragte van sosiale ontwrigting, met meetbare gevolge in die vorm van gesinsverbokkeling, -aftakeling en -verval. Die omvang hiervan word kortliks geskets.

In 2007 (die jaar waarna meeste van die volgende demografiese data verwys) is nagenoeg 3 679 000 kinders wees, hetsy met die sterfte van een of albei ouers. Dit kom neer op ongeveer een uit elke vyf kinders. Hierdie is 'n stygende tendens, gesien die syfer van 2002 toe (slegs) 2 995 000 kinders wees was. 'n Stygende aantal van hierdie weeskinders verkry verdere versorging in omstandighede waar

²³ Hierdie syfers is verwerk uit verskeie opgawes van die oorsig *South Africa Survey*, wat jaarliks vrygestel word deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasse-Aangeleenthede (South African Institute of Race Relations).

kinders (gedefinieer as 17 jaar en jonger) hoofde van huishoudings is. Die aantal sulke huishoudings het met 25% vanaf 118 000 in 2002 tot 148 000 in 2007 gestyg.

Benewens kinders wat ouers verloor het deur sterftes, is daar ook huishoudings waar vaders wel lewe, maar wat hulle gesinne verlaat het. Hierdie is ook 'n stygende tendens in alle rassegroepe, behalwe die Indiër-bevolking, waar dit van 11% in 1993 tot 8% in 2002 gedaal het. Onder swart/*African* gesinne het die persentasie afwesige vaders van 40% in 1993 tot 50% in 2002 gestyg, onder witmense vanaf 8% tot 11% in dieselfde jare, en bruines vanaf 32% tot 37% oor dieselfde tydperk.

'n Verdere krag van verbrokkeling is egskeidings, waar die hoogste koers onder die wit bevolking is, en die laagste onder die swart/*African* bevolking is. 'n Laaste aspek van hierdie proses van sosiale verval is te vinde in die stygende patroon van enkelouerskap waar kinders gebore word buite familieverband en tienerswangerskappe en -geboortes. *Die kumulatiewe effek van hierdie kragte is dat slegs een derde van alle Suid-Afrikaanse kinders groot word in huishoudings saam met albei hulle ouers.* Vier uit elke tien leef saam met net hulle ma, en bykans een uit elke vier (23%) leef sonder enige ouer, met 'n skrale 3% wat groot word saam met net hulle pa.²⁴

Bogenoemde beskrywing skets die buitelyne van 'n nasionale krisis, wat verdiep het vanaf 2002. Die sosiale omgewing van meeste kinders in Suid-Afrika is die produk van diepgaande sosiale ontwrigting. Persoonike faktore speel 'n groot rol hierin, (soos in die geval van egskeidings), maar daar is groter sosiale kragte wat ook hierby

²⁴ John Kane-Berman, "A Risk not Recognised", *Fast Facts*, no. 7/2009, July 2009, p. 1; Gail Eddy, "Unhappy Families", *Fast Facts*, no. 7/2009, July 2009, pp. 2-3.

betrek is. Geweldsmisdaad, gemeet aan moord, poging tot moord en roof met verswarende omstandighede is ter sprake. Die verlies aan lewens deur VIGS en tuberkulose, saam met ander noodlottige siektes is ter sake. Albei hierdie kragte is vervleg in die bykomende kontekskeppende werking van armoede en ongelykheid, werkloosheid, swak onderwys en korrupsie in die aanwending van openbare fondse vir lewering van maatskaplike dienste.

Bogenoemde paragraaf omskryf die kroniese sindroom van onderontwikkeling waarin baie Suid-Afrikaners verval is. Hierdie sindroom se oorsprong kan nog een stap verder terug gevind word. Die effektiewe bekamping van VIGS, tuberkulose en ander potensieël noodlottige siektes berus onder andere by effektiewe staatsdepartemente vir die lewering van openbare gesondheidsdienste. So ook is die bekamping van misdaad terug herleibaar na 'n effektiewe kriminele regstelsel, vanaf die polisieerings dienste tot die howe en tronke. Armoede, werkloosheid en ongelykheid is die verantwoordelikheid van die regering van die dag, wat die opvoedkundige stelsel en die nasionale ekonomie moet bestuur om beide die skep van rykdom en die herverdeling daarvan te bevorder. Kortom, 'n sterk en effektiewe staat word benodig. Maar, soos in die boek van Pottinger deegliks uitgewys word, is die nalatenskap van die nege jaar van die Mbeki-bewind juis die teenoorgestelde, die aftakeling van die staat in 'n proses wat hy beskryf as de-modernisasie.²⁵ Dit behels 'n proses waar moderne kriteria van staatsbou in die Weberiaanse tradisie toenemend met neo-patrimoneale denke en praktyke vervang word.

²⁵ Brian Pottinger, *The Mbeki Legacy*, Cape Town: Zebra Press, 2008.

Eweneens word 'n sterk burgerlike samelewing benodig. Die staat kan as 'n aktiewe party lewensomstandighede bevorder vir die behoud en instandhouding van gesinne, soos hierbo aangedui. Maar die staat kan nie mense motiveer om te belê in hulle huwelike nie, en kan nie mans verhoed om weg te loop van hulle vrouens en kinders nie. Sosiale norme, gesetel in kulturele (hoofsaaklik godsdienstige) praktyke en instellings is net so belangrik. Nie net gesinne nie, maar gemeenskappe moet hefter ingebind word, eerder as om uit te rafel en te atomiseer. Dit verg die herskepping van sosiale kapitaal, waar persone mekaar intrek in sosiale netwerke van wedersydse hulpverlening gebaseer op die norme van wederkerigheid, onderlinge vertroue, en gelykheid.

4. Politieke Implikasies

Die politieke implikasies van verbrokkeling van die gesin en die basiese eenheid van sosiale samehorigheid, is belangrik. Alhoewel op die oog af relatief verskuil van die openbare agenda, is dit tog van deurslaggewende belang. Eerstens, hierdie krisis vertoon kenmerke van die wedersyds beskadigende dooiepunt. Alle partye, hoe ookal gedefinieer, en alle Suid-Afrikaners lei skade solank hierdie krisis onopgelos bly. Die skade is in die vorm van kinders wat as gevolg van 'n gedestabiliseerde jeug nie opgevoed en opgelei kan word vir effektiewe sosiale, ekonomiese en politieke burgerskap nie, maar uiters kwesbaar is om weer terug te sak in armoede, werkloosheid en misdaad. Die krisis is ook wedersyds in die sin dat geeneen van die belanghebbendes, hoe ookal gedefinieer, hierdie krisis op eie terme kan oplos nie. Met 'n nasionale konsensus oor die aard van die probleem, sowel as die inhoud van

die oplossing, en 'n nasionale poging, deur alle belanghebbendes om dit aan te spreek, het ons dalk 'n kans.

Tweedens, die belanghebbendes ("stakeholders") by hierdie ineengestremde kwessies van onderontwikkeling kan lank nie meer in terme van die bekende rasse- en partypolitieke kategorieë wat voor 1994 gegeld het omskryf word nie, net so min as wat die winsnemers en -verloorders by die uitdeel van opbrengste van die vredesdividend so omskryf kan word. Hierdie krisis skep nuwe verdelingslyne, wat anders loop as dié van die ou Suid-Afrika.

Derdens, gegewe bogenoemde, het hierdie krisis nie die potensiaal om Suid-Afrika weer langs dieselfde verdelingslyne soos voor 1994 te polariseer nie. Intendeel, die kumulatiewe effek van bogenoemde kragte skep die vooruitsig van verbrokkeling eerder as fragmentasie. Die verbrokkeling van gesinne, families, en gemeenskappe is die begin van hierdie proses, waar die basiese eenhede van sosiale orde afgetakel word. Die volgende vlak van verbrokkeling is waar die sosiale samehörigheid en kohesie wat die burgerlike samelewing uitmaak, bedreig word. Dit skep die basis vir die vestiging van nuwe, patologiese plaasvervangende eenhede van sosiale orde in die vorm van misdaad-sindikate en krygshere wat die grense tussen politiek en misdaad berekend aftakel.

Suid-Afrika is reeds bekend met hierdie verskynsel. Tydens apartheid is die sosiale ontwrigting van gemeenskappe deur die staat in die toepassing van die paswette en die Wet op Groepsgebiede gedryf. Een van die bes gedokumenteerde voorbeelde van ontwrigting, gevolg deur verbrokkeling, gevolg deur die patologie van

maatskaplike verval is die gemeenskap van Distrik Ses, wat in geheel ontwortel is en letterlik neergestort is op die Kaapse Vlakte, met gevolge wat vandag nog nie herstel is nie. Die politieke lugleegte wat geskep is in hierdie gemeenskap met hierdie gedwonge verskuiwing word sedert die vroeë 1960s reeds gedeeltelik deur kriminele bendes en misdaad sindikate gevul.²⁶ Die verskil met 2009 is dat die verbrokkeling vandag gedryf word deur kragte soos VIGS en misdaad wat op die oog af polities neutraal is, behalwe wanneer, soos hierbo aangetoon, die verband tussen hierdie kragte en openbare beleid, en die kapasiteit van die staat eksplisiet gemaak word.

Hierdie krisis is ook besig om die demokratiese skikking van 1994 af te takel. 'n Vredesdividend wat oneweredige opbrengste oplewer, sigbare armoede, werkloosheid en die ooglopende en opvallende luukse lewenstyle van die nuwe élites, skep stygende frustrasie by die gewone publiek. Tot onlangs is hierdie frustrasie getemper deur 'n politieke kultuur onder die regerende party se ondersteuners waar lojaliteit nog beleidsmislukkings troef. Straatpolitiek uit protes teen swak dienslewering het egter sedert 2004 'n standhoudende kenmerk van ons politieke landskap geword.²⁷ Die ongelyke opbrengste van die vredesproses en die demokratiese skikking kom nou tot uiting in hierdie vorm van straatpolitiek juis op 'n stadium wanneer die mense wat die meeste ontbeer die naaste is aan ontsnapping daaruit. In formele terme is die drempel in 1994, met die demokratiese regstaat gehaal. Die konkrete bereiking van 'n beter lewe is ook tergend naby. Baie het dit

²⁶ Die klassieke teks in hierdie verband is die klassieke werk van Don Pinnock, *Brotherhoods: Street Gangs and State Control in Cape Town*, Claremont: David Philip, 1984. Sien ook meer onlangs, Don Pinnock en Dudu Douglas-Hamilton, *Gangs, Rituals and Rites of Passage*, Cape Town: African Sun Press, 1997.

²⁷ Doreen Atkinson, "Taking to the streets: has developmental local government failed in South Africa?", Buhlungu, S. et al., (eds.), *State of the Nation, South Africa 2007*, Pretoria: HSRC Press, 2007, pp. 53-77.

wel reeds bereik. Maar vir dié wat dit nog nie het nie, word die ontbering des te meer pynlik hoe nader hulle aan die drempel kom. Hulle ervaar die persepsie van verlies op 'n intense manier wanneer iets wat sopas ingepalm is verloor word, en wanneer die bereiking van 'n doel gedwarsboom word net wanneer dit amper bereik is. Donald L. Horowitz se tweeledige hipotese is hier ter sake: "a grievance is most poignant when it is almost redressed", en "the impetus for violence to seek a gain increases as the distance from the goal decreases".²⁸

5. 'n Opgvolgskikking?

Die kumulatiewe effek van 'n onderhandelde demokratiese skikking waar nie ooreenstemming is oor die aard van onderhandeling as 'n proses nie, en waar daar nie ooreenstemming is oor die aard en inhoud van demokrasie waarvoor onderhandel word/was nie, is dat *Suid-Afrikaners vandag sit met 'n geskrewe grondwet waarmee meeste kan saamstem, maar wat vir verskillende mense uiteenlopende betekeniswaardes het.*

Vir sekeres is dit 'n instrument wat ingespan moet word vir die doeleindes van transformasie, en is ondergeskik aan hierdie oorkoepelende doel. Waar die bepalings van die grondwet sodanige transformasie oënskynlik belemmer, temper of dwarsboom, is dit die bepalings van die grondwet wat aangepas moet word, en nie die teikens van transformasie nie. Beroepe om die eiendomsklousule in die Handves van Regte (artikel 25) te wysig ten einde grondoordrag te bespoedig is 'n voorbeeld hiervan. Vir andere is die grondwet self die hoogste waarde, met transformasie as 'n

²⁸ Donald, L. Horowitz, *The Deadly Ethnic Riot*, Berkeley: University of California Press, 2001, p. 343.

ondergeskikte beleidsraamwerk. Vanuit hierdie perspektief is die grondwet die een en enigste aspek waaroor onderhandel is en veelparty instemming bereik is (anders as die konsep van transformasie wat 'n partypolitieke beleid is) en stel dit die riglyne waarbinne transformasie moet plaasvind. Wysiging van die grondwet, as synde 'n sosiale kontrak, moet weereens by wyse van oorkoepelende instemming bereik word.

'n Treffende voorbeeld van hierdie gapende kloof in betekeniswaardes word geïllustreer in 'n spesifieke geval waar uiteenlopende interpretasies wat toegeken is aan die rol van litigasie wat grondwetlike kwessies betrek. Vir liberales behels dit 'n proses waar belanghebbers die regte wat die grondwet aan hulle toeken, konkreet in werking stel. Dit kom neer op 'n proses waar die grondwet as 'n geskrewe dokument omskep word tot 'n praktiese werktuig vir die instandhouding en inwerkingstelling van menseregte. Dit behels die *regmatige gebruik* van grondwetlike regte. Daarteenoor is die bevrydingsperspektief wat die inhoud van die litigasie as vetrekpunt neem. Indien dit partye is wat teen transformasie proses litigeer (soos regstellende aksie) is die beswaar al in die verlede gewees dat partye besig is om die grondwet *kwaadwillig te misbruik*, deurdat litigasie nou transformasie dwarsboom of terughou.²⁹

Die omvattende, algemene opdrag van 'n opvolgskikking in Suid-Afrika moet wees om 'n nuwe verstandhouding tussen alle belanghebbendes te vestig oor waarvoor die grondwet staan. Dit is 'n voorvereiste vir die ontplooiing van almal se vermoëns om die krisis van sosiale verval en verbrokkeling wat hierbo gestel is te hanteer.

²⁹ Hierdie geval word bespreek in Pierre du Toit, "Parity of Esteem': A Conceptual Framework for Assessing Peace Processes, with a South African Case Study", *International Journal of Comparative Sociology*, Vol.45, No. 3-4, 2004, pp. 195-212.

Sodanige verstandhouding moet ook die ander direk verwante onopgeloste kwessies aanspreek.

Voorbeelde

Opvolgskikkings word vroeër of later gehou, na gelang van die spesifieke dinamika van die krisis van elke samelewing. In Maleisië het dit vinnig na die etniese onluste van 1969 gevolg. Die grondwet is opgeskort en in 1971 weer in werking gestel. Lebanon se grondwet het in al sy stramheid vanaf 1943 tot April 1975 gefunksioneer toe die staat in 'n volskaalse burgeroorlog verval het hoofsaaklik gedryf deur die detabiliserende effek van Palestynse vegters wat uit Jordanië daarheen uigewyk het. Eers in September 1989 is die proses begin wat uitloop het op die Ta'if Akkoord, die basis van die nuwe grondwetlike bedeling wat in 1990 in werking getree het. Die Maleisiese geval kan beskou word as effektiewe voorkomende instandhouding, waar die probleem op die hoogste vlak aangespreek is kort na die eerste onomwonde tekens van krisis waargeneem is. Lebanon is 'n voorbeeld waar eksterne omstandighede die onaangeraakte interne kwesbaarheid van die politieke samelewing oorweldig het. Die stelsel was so stram en so delikaat, dat dit geen krisis-absorberende vermoë oorgehad het toe dit nodig was nie. 'n Derde kategorie is ter sprake – waar krisis nog steeds nie met 'n opvolgskikking beëindig is nie. Zimbabwe is hierdie geval, en sal later weer genoem word.

Agenda, deelnemers en formaat

Die nasionale krisis van maatskaplike verbrokkeling en verval vereis 'n tweeledige oplossing in die vorm van heropbou van die staat en herkapitalisering van die burgerlike samelewing. Dit is twee ooglopende agenda-items wat ek sou aanbied vir enige deelnemer tot so 'n opvolgskikking.

Daar is getr die problemm cvand ie problemoplossers, naamlik, ons verkose verteenwoordigers. Hierdie probleem moet eerste aangespreek word. Dit kan nie ver wag word dat verteenwoordigers verkies in terme van die huidige kiesstelsel die gepaste empatie kan hê om die projekte van heropbou van die staat en gemeenskapsherkapitalisering doeltreffend te kan aanpak nie. Daarom moet die proses beging met 'n formele beraad oor die kiesstelsel, aangebied deur die staat, en bygewoon deur almal wat as belanghebbers na vore tree kan die eerste platform word vir 'n nasionale proses. Sodanige debat kan wegspring met tegniese kwessies , maar kan en behoort uit te brei na meer basiese kwessies soos hierbo genoem.

6. Vooruitsigte

Opvolgskikkings vind plaas wanneer die invloedrykste belanghebbers dit inisieer. In Maleisië was dit die UMNO regering, en in Lebanon was dit invloedryke Arabiese leiers, die Konings van Marokko en Saoedi-Arabië, saam met die president van Algerië wat die inisiatief geneem het. In Suid-Afrika sal die regerende party, die ANC die inisiatief moet neem.

Watter eie-belang sal hulle so ver bring?

- Die eerste is dat die sosiale verbrokkeling wat hierbo geskets is 'n ongelukkige rasseprofiel het, met die swart/African wat die hoogste voorkoms van weeskinders, ongetroude moeders, afwesige vaders en werklose enkelopende ouers van alle rassegroepe het. Die ANC se eie kiesers, en tradisionele steungroep is die grootste slagoffers van hierdie aftakeling.

Maar hoekom sal hulle maar net voortgaan om, soos tans, die kwessie te wil aanpak op hulle terme, voorwaardes en veronderstellings nie, met ander partye as ondergeskikte deelnemers wat moet inval onder die ANC leierskap nie? Wat hier vereis word is dat die regrende party oortuig moet word dat 'n ideologiese ingesteldheid op die verkryging van 'n hegemonie van idees per definisie nie ruimte bied waarbinne alle Suid-Afrikaners as gelykes hulle talente op 'n vrydenkende manier kan inspan nie. Kreatiewe denke kan nie deur ideologiese riglyne gebind word nie. Sodanige ideologie is heeltemal ontoereikend vir die skaal van probleemoplossing wat vereis word.

- Die oorredingskrag van demokratiese politiek in die vorm van verkiesings, openbare mening, globale openbare mening, massa media en drukgroepaksie is beskikbaar.
- Straatpolitiek, vreedsaam en binne die perke van die wet, is beskikbaar.
- Bedingingsmag, uitgeoefen met taktiese vernuf, is ook beskikbaar.
- Die laaste onafhanklike veranderlike is dié van leierskap. Leiers wat los van omstandighede nuwe insigte kan deel maak van die openbare mening, en

kiesers met hulle kan saamvat is en bly een van die deurslaggewende aspekte van politieke lewe. Wat hier vereis word is visionêre realiste.³⁰

Anders as in 2002, is omstandighede op die oog af ietwat meer gunstig.

- Die krisis van verval het verdiep, meer sigbaar en groter in omvang geword.
- Die staat is meetbaar swakker, veral in die kritieke terreine van openbare veiligheid, gesondheid, onderwys, welsyn en openbare dienste.
- Die deurslaggewende faktor is egter nog steeds die wêreldbeeld van die leiers in Luthuli-Huis. Hulle sal eers hulle hegemoniese ambisies laat vaar wanneer daar 'n diepgaande ontnugtering met hierdie projek by hulle gevestig is. Die mislukkings van die Mbeki era, saam met die afgryse van die Mugabe era in Zimbabwe, het baie opgelewer om so 'n ommekeer te kan regverdig. Dit sê egter nog nie dat sodanige afleidings nou gemaak word nie. Uitsprake van sekere nuwe leiers in die Zuma-regering dui op die teenoorgestelde.

7. Die Toekoms

Hoe sal 'n Suid-Afrika sonder 'n opvolgskikking lyk? Ons naaste voorbeeld om insigte te verkry is Zimbabwe. Die 1980 grondwet het met redelike sukses tot in die laat 1990s gewerk toe Mugabe 'n eensydige stel wysigings strydig met sy beloftes van 'n oop, inklusiewe proses van deelname geformuleer het. Die gewraakte wysigings is

³⁰ Joel S. Migdal, "Vision and Practice: The Leader; the State, and the Transformation of Society", *International Political Science Review*, vol. 9, no. 1, 1988, pp. 23-41; Michael Keren, "Moses as a Visionary Realist", *International Political Science Review*, vol. 9, no. 1, 1988, pp. 71-84.

toe wel aan die kiesers in 'n referendum op 12-13 Januarie 2000 voorgelê vir beoordeling, waar die meerderheid dit afgestem het. Hierdie uitslag het die noodsaak vir 'n opvolgskikking in die vorm van 'n omvattende inklusiewe grondwetlike konferensie vierkantig op die agenda geplaas. Mugabe het egter lynreg in die teenoorgestelde rigting beweeg. Die eerste stap was om beheer oor die regstelsel te konsolideer, waarna die skrikbewind teen sy opponente in die land begin is met die projek om volledige beheer te vestig.

Die ZANU-PF hegemonie in Zimbabwe vertoon twee uitstaande kenmerke. Die eerste is volslae interne beheer oor alle sigbare magsentra. Die tweede is volslae magteloosheid oor sleutel beleidsaspekte. Die Mugabe regime kon nie inflasie beheer nie, en moes sien hoe die geldeenheid totaal as eenheid van ekonomiese waarde vernietig is. Geen koherente beleid vir werkskepping, bekamping van armoede, of enige vorm van ontwikkeling kon meer uitgevoer word nie, en binne 'minder as 'n dekade is die hele ekonomie en samelewing in 'n apokaliptiese sprong terug in die 19^{de} eeu ingeruk.

Met 'n vindingryke opvolgskikking kan ons by wyse van voorkomende instandhouding so 'n toekoms omseil.